# HOËRSKOOL EDUPLEX

## GEOGRAFIE

## GRAAD 9

**Eksaminator**: mnr G Arnold
**Moderator**: mnr K Minnie
**Taalversorger**: me M vd Walt

**Tyd**: 1 uur
**Totaal**: 80
**Datum**: 23 Junie 2016

---

**Vraag 1**

1.1 Verduidelik die verskil tussen verwering, erosie en afsetting. (6)

1.2 Daar is drie tipes verwering. Noem die drie tipes en gee 'n kort beskrywing van elk. (6)

1.3 Bepaal watter invloed mense op die vermeerdering van verwering het. (3)

**[15]**

---

**Vraag 2**

2.1 Teken drie benoemde sketse wat die drie stadiums van die rivierloop vertoon. (6)

2.2 Verskaf drie kenmerke van elk van die stadiums van die rivierlope. (9)


**[15]**

---

**Vraag 3**

Bestudeer die diagramme hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verskaf die name van A – D. (4)




[Bron: Google Images]

3.2 Beskryf hoe elkeen van die duine gevorm word. (4)

**[8]**

---


**Vraag 4**

Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vra wat volg.

4.1 Verskaf die name van A – H in Figuur 1. (8)

4.2 Beskryf hoe elkeen van die kenmerke wat genoem is in 4.1 gevorm word. (8)

**Figuur 1**




[Bron: Google Images]

**[16]**

---

**Vraag 5**

5.1 Daar is drie hoofonderafdelings / aspekte van volhoubare ontwikkeling. Noem en verduidelik die verskil tussen die drie aspekte. (9)

5.2 In jou eie woorde, verskaf 'n geskikte definisie van volhoubare ontwikkeling in die algemeen en gee ook jou mening oor hoekom dit nodig is vir ontwikkeling om volhoubaar te wees. (4)

5.3 Verskeie faktore in die verlede het 'n impak op ontwikkeling gehad, veral in Afrika. Noem twee faktore en gee 'n kort beskrywing van elk. (4)

5.4 Hoekom speel onderrig so 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n land? (1)

5.5 Noem een hulpbron wat in oorvloed in Suid-Afrika voorkom. (1)

5.6 Is kinderwelsyn 'n goeie of 'n slegte ding na jou mening? Motiveer jou antwoord. (3)

5.7 Wat is die grootste faktor na jou mening, in Suid-Afrika, wat bydra tot 'n afname in ons ontwikkeling? Motiveer jou antwoord. (4)

**[26]**

---

**GROOTTOTAAL [80]**